

KREATIWITEIT

met David

DAVID VILJOEN, kreatiewe landskapsontwerper en tuinboukundige



Dink uit die boks

– Deel 2

In die vorige uitgawe het ek julle meer vertel van my onlangse besoek aan Garden World-kwekery se jaarlikse tuinskou en die een tuin waar die ontwerpers se “uit-die-boks”-denke my aandag getrek het.

Die basiese komponente van die ontwerp was 'n paadjie wat na 'n sitarea toe lei met 'n muur as agtergrond. Ons het gekyk na vlakke, links en regs, 'n gebroke paadjie, lyne en aandag. In hierdie uitgawe gaan ons fokus op ander detail, kontras, hoe die paadjie inskakel by die res van die ontwerp, afmetings, loopritme, besoekers se vereistes wat in ag geneem moet word en sigbaarheid in die tuin.

Ander detail

Omdat die besoeker moet fokus op waar om te trap, word dit meer van 'n avontuur en sal ander kleiner detail naby die voete nie ongesiens verbygaan nie. Die afwerking van die paadjie en omliggende areas is dus baie belangrik vir die sukses van die ontwerp.

Kontras

Die eenvoudige afwerking van die paadjie stel dit in kontras met die omliggende plante. Aangesien dit nie 'n massa-aanplanting is nie, vertoon dit baie besig op die oog. As beide die tuin en die loopoppervlak besig was, sou dit die ontwerp nog meer kompliseer. Kontras skep variasie in die tuin en skep belangstelling.

Skakel

Tog is dit belangrik dat die paadjie moet inskakel by die res van die ontwerp en nie daarmee kompeteer vir aandag nie. 'n Geheel word gevorm deur die herhaling van die vorms en lyne, die kleurskakerings wat gebruik is, die afwerking asook die algemene gevoel of atmosfeer wat die tuinuitleg bied.

Afmetings

Die blokke se groottes is proporsioneel tot die res van die ontwerp en veral met die groot sitarea. Die hoogteverskil tussen elke blok asook die spasiering tussen die blokke is sorgvuldig beplan om die besoeker met gemak op die paadjie te laat loop. Al wil dit voorkom of die blokke onreëlmatig en willekeurig geplaas is, is daar tog tot 'n groot mate orde deur ontwerp daarin.

Loopritme

Hoewel meer as een tree per blok gegee moet word, laat elke blok toe vir vol, gemiddelde treë om halwe of verkorte treë te voorkom. 'n Loopoppervlak waar 'n mens jou treë moet kortknip om oor te trap na 'n volgende blok, maak net die ondervinding ongemaklik en skep verwarring. Dit is belangrik dat 'n normale looppas minimaal versteur moet word.

Besoeker

Die tuin is duidelik nie ontwerp vir iemand in 'n rolstoel of iemand wat sukkel om te loop nie. Dit is van kardinale belang dat die gebruiker (en ander besoekers) se vereistes in ag geneem moet word wanneer daar uit die boks gedink word om iets unieks te skep. Handrelings sou die ontwerp kompliseer en dit erg laat skade lei. Vir hierdie rede is elke ontwerp uniek en word dit gelei deur die behoeftes van die eindgebruiker.

Sigbaarheid

Die paadjie moenie snags in 'n hindernisbaan ontaard nie en daarom is goeie beligting van kardinale belang. Die illusie dat die loopoppervlak bo die plantwerk sweef of dryf, kan snags op 'n misterieuse wyse beklemtoon word met die regte beligting.

As daar soveel aspekte is om te oorweeg by slegs die voetpaadjie, dink net hoeveel dinkwerk moet ook in die res van die ontwerp ingaan? Die dakstruktuur en tipe plante is maar twee ander sigbare elemente in die foto wat baie oorweging en beplanning sou verg. Probeer jou maar self indink hoe die ontwerp sou verskil het met 'n platdak, spitsdak, grasdak of selfs geen dak...Om nie eers te praat van al die plantmoontlikhede nie!

'n Goeie ontwerp gebeur nie net nie, maar verg sorgvuldige beplanning en nadink. Amper enige mens kan 'n paadjie bou, maar dit verg ekstra kreatiwiteit en innovasie om 'n uitsonderlike paadjie te ontwerp.

Dink goed na voor jy iets doen – dit kan die wêreld se verskil maak. Die keuse lê by jou om uit die boks te leef of daarbinne... ■



▲ Dié besondere tuin het baie aandag by die Garden World-kwekery se jaarlikse tuinskou getrek.

Vir navrae, skakel David Viljoen van Mercury Designs by 011 894 2430 of 082 468 3142, of stuur vir hom 'n e-pos na: david@mercurydesigns.co.za. Gaan hou ook van ons Facebook-bladsy “Wysboek op Facebook”.



Wysboek op Facebook

